

## HOOFSTUK 3

### DIE OMSKRYWING EN METING VAN HOUDINGS EN TEORIEË INSAKE HOUDINGSVERANDERING

#### 3.1 Inleiding

In die verloop van die studie tot dusver, is die uiteenlopende eise wat aan die moderne skool gestel word, sover moontlik beklemtoon. In hierdie verband is nie alleen die noodsaaklikheid van 'n duidelike omyning van die doelwitte wat beoog word, beklemtoon nie, maar ook die daarstelling van verantwoordbare metings- en evalueringstelsels. Laasgenoemde word vandag allerweë beskou as die steunpilare van 'n objektiewe en betroubare beeld van die kind se vordering, in die lig van die gestelde doelwitte.

Hoewel die duidelik omskrewe doelwitte en die wetenskaplik saamgestelde metings- en evalueringstelsels egter op papier indrukwekkend mag voorkom, sal daar per slot van rekening, in die praktyk nie veel van teregkom as die mense materiaal vir wie dit bedoel is, hulle nie leen tot die verwesenliking of die vrugbare en doeltreffende benutting daarvan nie. Hierdie uitgangspunt het eerstens betrekking op die gegewe intellektuele potensiaal, en tweedens op die gewilligheid van die leerling om saam te werk en leiding te aanvaar. Die houding van die kind is, met ander woorde 'n belangrike bydraende faktor tot die doeltreffendheid van die onderrig wat hy in die skool ontvang.

Die begrip houding sal in hierdie hoofstuk behandel word. Uit die aard van die saak is dit 'n baie wye begrip en kan die hele veld nie gedek word nie. Daar sal dus slegs aan enkele belangrike aspekte, soos die meting en aanleer van houdings, asook aan die teorieë insake die verandering daarvan, aandag geskenk word.

#### 3.2 Die ontwikkeling van die begrip houding

Die algeheel nuwe en dinamiese benadering van die onderwys, sedert die begin van die eeu, het meegebring dat begrippe wat voorheen tot die terrein van die Wysbegeerte behoort het, aan die onderwys diensbaar gemaak is, soos onder andere, die Pragmatisme.

Houding, as begrip, het sy ontstaan in die Sielkunde gehad en die eerste vermelding daarvan kom by Herbert Spencer in sy „First Principles of Psychology” voor, wat in 1862 verskyn het. Daarin tipeer hy houdings as psigiese ingesteldhede.<sup>1)</sup>

Enkele jare later het N. Lange met sy teorie van motoriese houdings gekom, as uitbreiding van Spencer se gedagte. Hy het houding omskryf as ’n gevoelswaarneming wat uit fisiese gereedheid voortvloei.<sup>2)</sup>

In later jare het skrywers soos Giddings en Mead die rol van motoriese houdings in sosiale verband beklemtoon.<sup>3)</sup>

Aan die begin van die huidige eeu het Duitse psigoloë, onder andere van die Würtzenburgse skool, heelwat navorsing op die gebied van houdings onderneem. Hulle ondersoek was hoofsaaklik introspektief van aard en het die daarstelling van ’n uitgebreide terminologie hulle bemoeienisse in dié verband gekenmerk.<sup>4)</sup>

’n Baie belangrike ontwikkelingsperiode is ingelui met die studie van Thomas en Znaniecki 1918, twee geleerdes wat ’n houdingstudie met ’n groot aantal Poolse boere onderneem het.<sup>5)</sup> Hulle metode het hoofsaaklik op die onderhoud berus.

Op grond van hulle bevindinge, het daar ’n nuwe bedeling in verband met die bestudering van houdings ingetree. Hulle het die begrip as ’n psigiese proses benader, wat tegelyk die potensiele as die werklike handeling van die persoon in gemeenskapsverband bepaal. Die belangrikheid van hulle bydrae is daarin geleë dat die klem op die toestand van die menslike gees, met betrekking tot ’n bepaalde waarde of voorwerp geplaas is.<sup>6)</sup> Laasgenoemde sluit vir hulle al die algemeen-aanvaarde en erkende menslike verbondenhede

- 1) Richardson, C.A. An introduction to mental measurement and its applications, p.1.
- 2) Allport, G.W. Attitudes. (In Fishbein, M, red. Readings in attitude theory and measurement, p.4.)
- 3) Loc. cit.
- 4) Loc. cit.
- 5) Thomas, W.I, en Znaniecki, F. The Polish peasant in Europe and America, vol. 1, p.526.
- 6) Die term „waarde” of „voorwerp” sal verderaan in hierdie studie bloot terwille van die vereenvoudiging van empiriese beskrywing gebruik word, sonder ’n filosofies-etiese konnotasie.

in, soos dinge wat betrekking het op maatskaplike instellinge, en sigbare en onsigbare fokuspunte van belangstelling en wat vir mense in die algemeen waardevol is, soos liefde, plesier, vryheid, godsdiens, rykdom, eer, gemak en so meer.<sup>7)</sup>

Farris (1925) het voorgestel dat daar 'n onderskeid tussen bewuste en onbewuste houdings, verstandelike (geestelike) en motoriese houdings, individuele en groephoudings en tussen latente en kinetiese (bewegings-) houdings gemaak moet word.

In aansluiting hierby het Park (1931) vier kriteria vir houdings voorgestel, soos volg:

- (i) Dit moet verband hou met die wêreld van houdingsvoorwerpe (waardes). Dit moet met ander woorde verskil van eenvoudige gekondisioneerde refleksie.
- (ii) Dit moet nie 'n geroetineerde of outomatiese gedragswyse wees nie, maar moet 'n element van spanning, selfs in latente toestand, inhou.
- (iii) Dit moet 'n verskil in intensiteit, vanaf predominant tot rustend of latent, inhou.
- (iv) Dit moet op menslike ervaring en nie op 'n soort sosiale instink gegrond wees nie.<sup>8)</sup>

Fishbein<sup>9)</sup> vat die ontwikkelingsgang van houding as begrip soos volg saam:

- (i) Na die breuk met die intellektualistiese psigologie, het Lange se gedagte van „taak-houding”<sup>10)</sup> of „gereedheid vir aksie”, vinnig veld gewen en eindelik 'n onbetwiste plek in die eksperimentele psigologie bekleed. In dié verband het dit in die betrokke kringe mode geword om van houdings te praat.<sup>11)</sup>
- (ii) Onder invloed van die Psigoanalise is die dinamiese en onbewuste aard van houdings geredelik aanvaar.

7) Allport, G.W. op.cit., p.6. Kyk ook: Vernon, P.E. Personality tests and assessments, p.162.

8) Allport, G.W. op.cit., p.6.

9) Ibid., p.7.

10) „Aufgabe” in Duits.

11) Allport, G.W. Loc. cit.

- (iii) In sosiologiese denkrigtings is houdings in toenemende mate as die konkrete verwesenliking van die kultuur beskou.

In 'n ander verband stel Allport die toenemende klem, wat daar op die bestudering van houdings geplaas is, soos volg:

„The concept of attitude is probably the most distinctive and indispensable concept in contemporary American Social Psychology. No other term appears more frequently in experimental and theoretical literature.”<sup>12)</sup>

In die jongste tyd geniet die bestudering van houdings baie aandag, veral in die Sosiale Sielkunde. Ten opsigte van die meting van houdings met behulp van houdingskale, is daar ook aansienlike vordering gemaak.<sup>13)</sup>

'n Nuwe en interessante veld wat in die afgelope dekade in toenemende mate ontgin is, is die ondersoek na die moontlikhede insake die verandering van houdings.<sup>14)</sup> Toenemende gebruik word ook van multidimensionale metingstegnieke gemaak, dit wil sê tegnieke wat meer as een houding tegelyk meet.

Die belangrikheid van gesonde, positiewe houdings in die skool, word al hoe meer besef en word dié studieveld steeds gewilder by opvoedkundige navorsers.

### 3.3 Omskrywing van houdings

Die gebruik en definiëring van die woord houding in die gelede van denkers, toon 'n aansienlike mate van verskil, vanaf klem op die element van aksie (operasionele sy), tot die meta-teoretiese denkrigting aan die ander kant, wat psigiese ingesteldheid as die belangrikste aspek van houdings beskou.<sup>15)</sup>

Die Engelse woord „attitude” is van die Latynse „aptus” afgelei, wat deels op geskiktheid, geneigdheid of bekwaamheid dui en

12) Remmers, H.H. Introduction to opinion and attitude measurement, Voorwoord.

13) Shaw, M.E. en Wright, J.M. Scales for the measurement of attitude, p.1.

14) Rhine, R.J. A concept-formation approach to attitude acquisition. (In Fishbein, M. op. cit, p.382); kyk ook: Katz, D. The functional approach to the study of attitudes. Public Opinion Quarterly, 24:163-204, 1960.

15) Shaw, M.E. en Wright, J.M. op. cit., p.2.

deels op aanpassing. Die Engelse woord „aptitude” word gebruik om een of ander aanleg, gewoonlik ’n vaardigheid, aan te dui. In Afrikaans word die woord houding meesal gebruik en gesindheid in ’n mindere mate.

Ten einde ’n mate van perspektief aan die besinning te gee, sal daar nou eerstens by die omskrywings van ’n aantal oorsese denkers stilgestaan word, waarna die menings van ’n aantal Suid-Afrikaanse denkers in oënskou geneem sal word.

### 3.3.1 Omskrywings deur oorsese denkers

Sedert die begin van die huidige eeu, het denkers pogings aangewend om houdings te omskrywe. ’n Aantal van dié pogings word hier in kronologiese volgorde saamgevat:

Baldwin (1901) beklemtoon gereedheid vir aksie, as die sentrale eienskap van houdings.

Thomas en Znaniecki (1918) omskrywe ’n houding as die weerspieëling van ’n sosiale waarde in die persoonstruktuur van die mens. Die feit dat die mens bewus is van die houding, verklaar ook sy optrede onder bepaalde omstandighede.

Allport (1924) beklemtoon dit dat houdings, wat aksie voorafgaan of daaraan ten grondslag lê, belangrike bepalende faktore in sosiale optrede is. Hy noem houdings neurale ingesteldhede, wat elk met ’n ooreenstemmende bewustheid daarvan by die persoon gepaard gaan.

Bogardus (1931) meen dat ’n houding ’n geneigdheid om te handel, by die mens impliseer. Sodanige handeling word deur ’n bepaalde houdingsvoorwerp (waarde) uitgelok en verkry op grond daarvan ’n positiewe of negatiewe kleur.

Vir Droba (1933) is ’n houding ’n innerlike disposisie by die persoon om in ooreenstemming met, of teen ’n houdingsvoorwerp te handel.

Cantril (1934) omskryf ’n houding as ’n min of meer bestendige disposisionele gereedheid, wat in die geestesstruktuur van die mens tot stand kom. Dit veroorsaak ’n kenmerkende handeling by hom wanneer hy teenoor ’n houdingsvoorwerp te staan kom.

Vir Morgan (1934) bied 'n bepaalde houding, bepaalde riglyne vir gedrag, waarna elke nuwe ervaring „verwys” word voordat daarop gereageer word.<sup>16)</sup>

Met bostaande samevatting is die lys van omskrywings op verre na nog nie uitgeput nie. In later jare het daar egter groter matigheid in die definiëring van houdings merkbaar geword, met ander woorde daar is verder weg beweeg van die standpunt dat die mens se gedrag wetmatig ingeperk, omskryf en gemeet kan word. Een van die meer moderne omskrywings van 'n houding is soos volg:

„The individual responds with enthusiasm and aversion, not only toward activities but also toward social groups, social institutions and other aspects of his world. These reactions, with their various ramifications, constitute the individual's constellation of attitudes. Various devices have been developed for evaluating these prejudices, pro and con, and these constitute the field of attitude measurement.”<sup>17)</sup>

Dit is nie moeilik om 'n gemeenskaplike refrein tussen bostaande, effens uiteenlopende omskrywings van 'n houding te bespeur nie. In een of ander verband beskou al die denkers 'n houding as die teelaarde van 'n bepaalde ingesteldheid op aksie. Die houding is dus die wegbereider of voorloper van aksie, eerder as die voltooiing daarvan. Alle grade van gereedheid word in menslike houdings weerspieël, vanaf die mees latente of rustende vorm, waarin die spore van vergete gewoontes of standpunte nog weerspieël word, tot die geladenheid of gereedheid vir aksie waarmee 'n dominante houding gepaard gaan.<sup>18)</sup>

### 3.3.2 Die gebruik van die term deur Suid-Afrikaanse denkers

3.3.2.1 Arnold omskryf die begrip gesindheid soos volg: „In hierdie ondersoek is eerstens ingegaan op die betekenis van 'n wetenskaplike gesindheid. Daar is bevind dat die betekenis wat deur denkers geheg word aan terme soos wetenskaplike gesindheid, wetenskaplike standpunt, wetenskaplike metode, wetenskaplike denke enso=

---

16) Allport, G.W., op. cit., p.7-8.

17) Thorndike, R.L. en Hagan, Elizabeth, Measurement and evaluation in Psychology and Education, p.24.

18) Allport, G.W., op. cit., p.8.

voorts, mekaar oorvleuel. Die term wetenskaplike gesindheid is daarop gekies as enkelterm wat bogenoemdes insluit en vervang. Daarmee word die denkwysse wat deur die wetenskaplike gevolg word, in die oplossing van probleme, bedoel."<sup>19)</sup>

3.3.2.2 Preller sluit hierby aan as hy die begrip houding, met betrekking tot wetenskapsbeoefening, soos volg bepaal: „'n Voorvereiste vir die ontwikkeling van 'n objektiewe, wetenskaplike houding is die gebruik van die wetenskaplike metode om werklike probleme op te los . . . .” In sy verdere toeligting beklemtoon Preller dit, dat persoonlike vooroordele en eie eer opsygeskuif moet word, dat gegewens objektief gekontroleer en beoordeel moet word en bo alles, dat probleme opgelos moet word. Die grondtoon van Preller se beskouing insake die wetenskaplike houding is reëlmaat en die suiwere deurdiening van die probleme aan die kant van die navorser.<sup>20)</sup>

3.3.2.3 Schutte<sup>21)</sup> neem ook die wetenskaplike vorming van die individu in oënskou en beklemtoon in hierdie verband die noodsaaklikheid van kennis, maar voeg daarby dat gepaard daarmee, ook die gewenste gesindhede, instellings, houdings en ideale by die kind tuisgebring moet word, sodat hy elke situasie denkend en redenerend kan benader. Verder moet hy nie alleen geleer word om die skone, hoë en sedelike waardes en die waarheid in al sy openbaringsvorme te ken en te waardeer nie, maar hy moet gelei word om die Heilige Skrifte aanvaar en na te volg.

3.3.2.4 Vrey voeg 'n bykomende dimensie by die omskrywing van Arnold en stel dit soos volg:<sup>22)</sup> „Die geestesarbeid waarmee die natuurwetenskaplike besig is, is nie maar net 'n neutrale sintuiglike waarneming nie, maar 'n werklike belewing van 'n situasie. Daar kom 'n ander bewussynsaktiwiteit by, naamlik die gevoel wat genot smaak

---

19) Arnold, op. cit., p.179.

20) Preller, S.J. Die Transvaalse biologieleergang; 'n sosiologiese, psigologiese, pedagogiese studie. Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, Potchefstroom, Universiteit vir C.H.O., 1958, p.131.

21) Schutte, B.C. Probleme in verband met die aansluiting van die Skeikunde op die middelbare skool en die universiteit met spesiale verwysing na die Skeikunde-leergang. Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, Potchefstroom, Universiteit vir C.H.O., 1954, p.155.

22) Vrey, op. cit. p.21.

in so 'n belewenis". Die navorser kan bykans nie neutraal teenoor sy ondersoekingswerk staan nie. Sy waarneming is so objektief as moontlik, maar hy is self hart en siel in die werk.<sup>23)</sup>

Bogenoemde denker se volledige definisie van 'n houding lui soos volg: „'n Houding is 'n aangeleerde, redelik bestendige toestand van gereedheid in die gevoels- en verstandspesesse, wat 'n neiging toon tot gerigte handeling teenoor alle prikkels (hetsy mense, voorwerpe, situasies of waardes).“<sup>24)</sup>

Die groot mate van eenstemmigheid wat in die standpunte van die bogenoemde vier denkers, insake die natuurwetenskaplike houding te bespeur is, kan in die woorde van Stoker saamgevat word, waar hy hom in dié verband soos volg uitlaat: „Begeerte, waarderig, liefde, haat, gewete, wil, geesdrif, spanning, dankbaarheid, blydschap, teleurstelling ensovoorts, is meer as net waarneming en denke. Hulle speel in alle wetenskapsbou hul betrokke rol .....“<sup>25)</sup> Die wetenskaplike moet sorg dra dat die emosies hierbo genoem, die vorming van wetenskap sal bevorder en dat stremende emosies uitgeskakel word.

Die oorsig van die betekenis wat verskillende Suid-Afrikaanse denkers aan die begrip houding heg, word nou afgesluit deur die siening van Serfontein hier kortliks weer te gee: „Wanneer 'n persoon in interaksie met 'n ander groep verkeer, is daar 'n sekere konstantheid in sy gedrag waarneembaar. Die konstantheid van optrede kom van een situasie na 'n ander voor, sodat 'n mate van kontinuïteit ook <sup>in</sup> sy gedrag merkbaar word.“ Dit beteken dat indien 'n persoon 'n houding teenoor 'n bepaalde voorwerp of verskynsel inneem, hy ook op 'n konstante wyse teenoor daardie verskynsel of voorwerp in verskillende situasies sal reageer. Hierdie konstantheid en kontinuïteit in die individu se gedrag is inherent aan sy psigiese samestelling en staan bekend as houding.<sup>26)</sup>

Dit sou nutteloos wees om te probeer om nog 'n persoonlike omskrywing van 'n houding, by dit wat reeds hierbo daaromtrent gesê is, hier in te voeg, omdat dit op oorvleueling sal neerkom. In hierdie studie sal die omskrywings van die Suid-Afrikaanse denkers, hierbo aangehaal, as uitgangspunt geneem word.

23) Ibid., p.23.

24) Ibid., p.49.

25) Stoker, H.G. Die beginsels en metodes in die wetenskap, p.63.

26) Serfontein, S. op. cit., p.21.



### 3.4 Dimensies van die begrip houdings

By 'n studie van houdings, tree sekere newe-begrippe of dimensies aan die lig. Dit kom neer op sekere houdingseienskappe wat graadverskille van mens tot mens aan die dag lê en wat in die verskil in persoonlikheid setel.<sup>27)</sup> Andersyds moet hierdie wisselinge in sekere dimensies, wat aan houdings eie is, gesoek word. Hierdie benadering dra daartoe by dat houdings beter begryp en omskrywe kan word. Denkers onderskei 'n aantal dimensies, waarvan die volgende enkele is:

#### 3.4.1 Goedgesindheid

Dit is een van die houdingsdimensies wat die meeste aan meting onderwerp word en behels die vraag in watter mate 'n persoon teenoor 'n houdingsvoorwerp goedgesind of daarteen gekant is.<sup>28)</sup> In die Republiek stel houdingsvoorwerpe soos die V.V.O. of gemengde sport, vrugbare velde van ondersoek, ten opsigte van goedgesindheid daar. Koerante en ander instansies maak ook dikwels van hierdie houdingsdimensie gebruik in die sogenaamde meningspeilings, wat belangrike gebeurtenisse soos verkiesings en so meer voorafgaan.

#### 3.4.2 Intensiteit (sterkte)

Die intensiteit van houdings wissel eweneens van persoon tot persoon. Iemand wat baie sterk van 'n bepaalde stelling verskil, of miskien daarmee roerend eens is, lê in een of ander rigting 'n gevoelsintensiteit aan die dag, wat baie verskil van dié van iemand wat onseker is of 'n neutrale standpunt daarop nahou. Duidelik omlynde standpunte ontstaan op grond van persoonlike deurdenking van die saak, of as gevolg van die beïnvloeding deur vriende, of soms as gevolg van een of ander belewenis met 'n sterk emosionele inslag.

---

27) Meyer, C.J. 'n Empiriese ondersoek na die moontlike verwantskap tussen onderwysbekwaamheid en enkele persoonlikheids- en temperamentele menseienskappe. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Potchefstroom, Universiteit vir C.H.O., 1969, p.25-26.

28) Remmers, H.H. op. cit., p.289-290; kyk ook: Downie, N.M. op. cit., p.400.

Houdings, waarvan die intensiteit op 'n sterk emosionele grondslag berus, is normaalweg baie moeilik om te verander.<sup>29)</sup>

### 3.4.3 Openbare teenoor private houdings

'n Houding word as openbaar bestempel wanneer een persoon met vrymoedigheid sy gevoelens in daardie verband aan iemand anders kan oordra, of die saak met hom kan bespreek. Politieke partygenote bespreek gewoonlik die kandidate voor 'n verkiesing, motorgeesdriftiges laat hulle in die openbaar oor die jongste model van 'n motorsoort uit of 'n nasionale sportman word bespreek. In bogenoemde gevalle is van 'n openbare houding sprake, omdat 'n hele gemeenskap of selfs 'n volk deel daaraan mag hê.

Aan die anderkant mag iemand 'n houding huldig wat die gemeenskap afkeur, soos iemand met sterk liberalistiese neigings, wat in 'n konserwatiewe omgewing woon. In so 'n geval sal die betrokke individu moontlik sy ware houding verdoesel en, in bepaalde omstandighede, selfs die bestaan daarvan by hom ontken, ten einde homself vir sy medemens aanvaarbaar te maak. Die verloëning van Jesus deur Petrus is hiervan 'n voorbeeld.<sup>30)</sup>

Openbare, sowel as private houdings lê ook op 'n intensiteitskontinuum versprei en mag van persoon tot persoon wissel.<sup>31)</sup>

### 3.4.4 Die algemeenheid van houdings

'n Houding word as algemeen beskou wanneer dit op dieselfde wyse in verskillende fasette van 'n persoon se lewe funksioneer. As iemand byvoorbeeld 'n goeie kerkman is en hy is daarby 'n goeie landsburger en voorbeeldige vader, openbaar hy algemene houdings trekke wat in die aangehaalde voorbeeld, positief van aard is. 'n Algemene houding kan egter negatief van aard ook wees, soos in die geval van iemand wat roof en steel, sy land en volk saboteer en geen liefde vir die goeie besit nie.<sup>32)</sup>

29) Downie, N.M., op. cit., p.406.

30) Mattheus 26: 69-74.

31) Remmers, H.H. e.a. op. cit., p.290.

32) Loc. cit.

'n Houding kan ook soms gebrek aan algemeenheid in die lewe van 'n persoon toon. Hartshorne en May het byvoorbeeld op grond van uitgebreide navorsing met skoolkinders, tussen die jare 1924 en 1929, tot die gevolgtrekking gekom dat daar nie 'n algemene trek soos eerlikheid by hulle kon vasgestel word nie. By die meeste van hulle is gevind dat eerlikheid vir hulle 'n relatiewe begrip was, afhange van die situasie waarin die leerling hom bevind het. 'n Kind het byvoorbeeld op nougesette wyse, eerlikheid in die geval van geldelike transaksies aan die dag gelê, maar nie geskroom om in 'n klastoets te flous nie. In die geval van volwassenes het hulle soms dieselfde gebrek aan algemeenheid ten opsigte van bepaalde houdings gevind.<sup>33)</sup>

#### 3.4.5 Die ligging van houdings

Die ligging van 'n houding by 'n individu dui op die mate van gereedheid, wat dit in sy geval weerspieël, of hoe na aan die oppervlakte dit geleë is. As 'n vraag soos „wat beskou julle as die grootste bedreiging vir die mensdom?” aan 'n groep mense gestel word, sal sommiges waarskynlik sonder aarseling „oorlog”, „drank” of iets anders noem. Andere sal egter eers deeglik besin voordat hulle met 'n antwoord vorendag kom.

Die ligging van 'n houding het dus betrekking op die mate van prominensie wat dit in iemand se houdingskonstellasie bekleed.<sup>34)</sup>

#### 3.5 Menings (opinies) as komponente van houdings

Naas sekere dimensies, word daar ook komponente of begrippe, wat baie aan houdings verwant is, onderskei. Hierdie komponente sluit onder andere die menings, geloofsoortuigings en standpunte van 'n persoon in. Dit kan moontlik sy lewens- en wêreldbeskouing ook insluit. Vir die doel van die huidige studie word die aandag slegs by die verwantskap tussen menings en houdings bepaal.

---

33) Hartshorne, H. en May, M.A. Studies in deceit, p.354.

34) Remmers, H.H. Loc. cit.

### 3.5.1 Die verband tussen menings en houdings

Daar bestaan 'n aansienlike meningsverskil tussen denkers oor die verband tussen 'n mening en 'n houding.<sup>35)</sup> Allport<sup>36)</sup> stel byvoorbeeld sy standpunt soos volg: „The simplest method for determining how common an attitude (really an opinion) may be in a certain population, is by counting ballots or by tabulating answers to a questionnaire“. Vir hom is die begrippe dus sinoniem.

Schweitzer en Ginsburg<sup>37)</sup>, aan die anderkant, dui weer 'n verskil tussen die begrippe aan. Volgens hulle is die verskil hoofsaaklik daarin geleë dat 'n mening betreklik ontdaan van enige emosie is. 'n Mening word egter deur 'n sterk element van kennis gekenmerk.

Ander denkers sluit hierby aan. Dit skyn asof algemeen aanvaar word dat daar tussen begrippe soos houding, mening en geloof onderskei moet word. Geloof word skynbaar deur 'n meerdere mate van emosie en oortuiging, as wat die geval by 'n mening is, gekenmerk.<sup>38)</sup>

Thurstone se omskrywing aangaande die verband tussen mening en houding, is waarskynlik die indringendste. Waar houding vir hom die mens se neigings, gevoelens, voor<sup>oor</sup>dele en vooropgesette trekke behels, sien hy in 'n mening 'n verbale uitdrukking daarvan. 'n Persoon se mening simboliseer sy houding ten opsigte van 'n bepaalde saak.<sup>39)</sup>

Op grond van die studie van navorsers se bevindings in hierdie verband, kom Mouton tot die slotsom dat 'n individu se houding teenoor 'n voorwerp, 'n funksie van sy mening oor daardie voorwerp is. Verder stel hy dat die baie aandag wat denkers aan hierdie saak betee, ondersteuning aan die gedagte bied dat alle menings wat 'n individu oor 'n bepaalde voorwerp huldig, belangrike determinante van sy houding daarteenoor is.<sup>40)</sup>

35) Mouton, N.J. op. cit., p.8.

36) Allport, G.W. op. cit., p.9.

37) Schweitzer, D. en Ginsburg, G.P. Social influence processes. (In Backman, C.W. en Secord, P.F. red. Problems in social psychology, p.98).

38) Fishbein, M. en Raven, B.H. The A B Scales: an operational definition of belief and attitude. (In Fishbein, M. red. Readings in attitude theory and measurement, p.183).

39) Thurstone, L.L. Attitudes can be measured. (In Fishbein, M. op. cit., p.77).

40) Mouton, N.J. op. cit., p.18.

### 3.5.2 Toepassing van houdingskomponente in die praktyk

Die komponente van houdings vind wye toepassing in die alledaagse lewe van mense. Die volgende is enkele voorbeelde daarvan:

- (i) In die Likert-houdingskale word gewoonlik 'n reeks goed-geformuleerde stellings, wat verband hou met die oortuigings, menings of standpunte van individue, saamgevat. In elke stelling kan 'n respondent dan sy graad van goedgesindheid (positief of negatief) teenoor daardie onderhawige voorwerp, tekenne gee. Op grond van sy antwoorde by elke stelling, word 'n punt aan hom toegeken en dit word dan vertolk as 'n weerspieëling van sy houding oor die betrokke voorwerp. Hoe hoër sy puntetelling, hoe meer positief word sy houding aangeslaan en omgekeerd. Sy houding word in hierdie geval dus bepaal deur die waarneming van 'n aantal van sy menings of geloofstandpunte in verband met die houdingsvoorwerp.<sup>41)</sup>
- (ii) Die geloof of oortuigings van die publiek word soms bepaal deur middel van sogenaamde meningspeilings wat koerante en sekere instansies, onder andere voor 'n verkiesing, onderneem. Die gewildheid van 'n politieke party word op hierdie wyse op grond van 'n steekproef bepaal. Een beswaar wat soms teen opnames van hierdie aard geopper word, is dat die toeval 'n groot rol speel. Verder is dit duidelik dat 'n meningspeiling slegs die menings van die steekproef op 'n bepaalde tydstip aandui. Na verloop van tyd mag die uitslag gans anders wees.<sup>42)</sup>
- (iii) Vir die Christen-gelowige navorser het die begrip geloof, benewens wat hierbo genoem is, 'n heel besondere konnotasie. Dit bied nie alleen vir hom die noodsaaklike riglyne by die uitvoering van aardse take nie, maar word die geloof beskou as 'n gawe van God aan die mensekind tot redding van sy siel.<sup>43)</sup>

---

41) Fishbein, M. A consideration of beliefs and their role in attitude measurement. (In Fishbein, M. op. cit., p.265).

42) Oppenheim, A.N. op. cit., p.73.

43) Efese 2:8.

Geloof berus op kennis, dit wil sê 'n sekere kennis van God en Sy beloftes. Geloof impliseer vertroue aan die kant van die mens, dat sy sondes na berou, vergewe word, terwille van die soenoffer van Christus. Vertroue weerspieël hier 'n bepaalde houding<sup>44)</sup> en geloof simboliseer daardie vertroue, soos daar geskrywe staan: „Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop .....“<sup>45)</sup>

### 3.6 Begrippe wat verwant is aan houdings

In tegniese en populêre geskryfte word heel dikwels terme gebruik, wat in noue verband met houdings staan en soms as sinonieme daarvan beskou word. 'n Aantal van hierdie begrippe word soos volg saamgevat:

#### 3.6.1 Belangstellings

Hierdie algemeen-menslike trek staan in verband met die keuse van 'n individu om aan bepaalde aktiwiteite deel te neem, omdat hy daarvan hou, of 'n afkeer daarin te hê, omdat hy nie daarvan hou nie. Hy gee voorkeur aan sekere dinge en draai sy rug op andere. Psigologies gesien, het dit betrekking op 'n toestand van die gees van die individu wat hom geneë maak om aandag op 'n sekere saak toe te spits en kontrole daarvoor uit te oefen. Die saak mag vir hom 'n element van aangenaamheid inhou, terwyl ander bedrywigheede vir hom miskien minder aangenaam of selfs onaangenaam mag wees.<sup>46)</sup>

Die verskil tussen houding en belangstelling kom daarop neer dat laasgenoemde slegs 'n aanduiding is van die wyse waarop die individu die bepaalde houdingsvoorwerp beïndruk en goed- of afkeurend daarteenoor staan, terwyl houding dui op die mate van gerigtheid op aksie ten opsigte van die besondere houdingsvoorwerp.<sup>47)</sup>

---

44) Kuyper, A. Het werk van den Heiligen Geest, p.486; vergelyk ook: Honig, A.G. Handboek van de Gereformeerde Dogmatiek, p.567.

45) Hebreërs 11:1

46) Thorndike, R.L. en Hagen, Elizabeth. op. cit., p.24.

47) Remmers, H.H. op. cit., p.289; kyk ook: Nel, B.F. e.a. Grondslae van die Psigologie, p.376-377.

In die moderne skool word daar in toenemende mate van belangstelligingsinventarisse gebruik gemaak om inligting in verband met die kind se belangstellings te bekom. Op grond van hierdie inligting kan doeltreffender beroepsleiding aan die kind gebied word.<sup>48)</sup>

Ander voordele wat aan 'n studie van leerlinge se belangstellings verbonde is, kan soos volg opgesom word:

- (i) Dit lei tot 'n beter begrip van die leerling.
- (ii) Die resultate kan aangewend word om leerlinge te motiveer.
- (iii) Die metode van onderrig kan, sover prakties moontlik, in lyn met die kind se belangstellings gebring word.
- (iv) Leerlinge kan tot 'n beter begrip van mekaar gebring word.
- (v) Leerlinge kan tot 'n beter begrip van hulle eie moontlikhede en beperkinge gebring word.<sup>49)</sup>

### 3.6.2 Motiewe

Motiewe, beweegredes of dryfvere is almal benaminge vir 'n begrip wat dui op die skakeling met een of ander houding. 'n Hoogs gunstige houding teenoor 'n onderwyser, kan 'n kind motiveer om die onderwyser in menige opsig na te boots. As hy aan die anderkant nie van hom hou nie, sal hy so min as moontlik met hom te doen wil hê. Motiewe word as betreklik kortstondig van aard beskou, omdat dit verflou sodra die doelwit waarop dit toegespits was, verweselik is. Die onderskragende houding, dit wil sê om gemotiveerd te lewe en te werk, duur egter voort totdat nuwe geleenthede om gemotiveerd op te tree, hulle weer voordoën.<sup>50)</sup>

Menslike leeraktiwiteite is kumulatiewe, kontinue aangeleenthede. Die vermoë om 'n besondere vaardigheid onder die knie te kry, word grootliks beïnvloed deur die vordering wat reeds in verwante vaardighede gemaak is. Samehangend hiermee moet positiewe motiewe of dryfvere nie alleen as abstrakte begrippe gesien word, wat die leerling help om nuwe take aan te leer nie. Dit behels ook vroeër

---

48) Adams, G.S. Measurement and evaluation in education, psychology and guidance, p.228.

49) Baron, D. en Bernard, H.W. Evaluation techniques for classroom teachers, p.177.

50) Remmers, H.H. op. cit., p.288.

aangeleerde feite wat met die nuwe werk skakel. Die begeerte om te leer, dit wil sê gemotiveerde leer, speel 'n baie belangrike rol in hierdie verband. Nie alleen word die leertempo daardeur beïnvloed nie, maar ook die retensie van die leerstof.<sup>51)</sup>

### 3.6.3 Waardes

Soos hierbo aangedui,<sup>52)</sup> word waardes in hierdie verband beskou as enigiets wat vir die mens waardevol, belangrik of begeerlik is. Dit mag sigbare dinge soos besittings of ander mense wees, maar abstrakte begrippe soos liefde, vrede, vriendskap, oorlog, gesag en so meer, speel 'n ewe belangrike rol in die mens se lewe en verteenwoordig vir hom sekere waardes.

Waardes wissel van mens tot mens, afhange van faktore soos aanleg, belangstellings of die omstandighede waarin hy hom op 'n bepaalde oomblik bevind. Die politikus, die predikant, die sorgsame huisvrou, die goeie geneesheer en die knap sakeman sal waarskynlik verskillende waardes in hulle doen en late voorop stel. Die vrome grysaard en die boef se waardesisteme sal nie veel in gemeen hê nie. Vir Judas<sup>53)</sup> was geld 'n belangrike waarde, terwyl Paulus „alles skade geag het” terwille van die liefde van Christus.<sup>54)</sup>

Waardes of houdingsvoorwerpe aktiveer die mens se houdings en bepaal sy gedrag. Houdingskale word altyd op grond van een of meer waardes saamgestel.<sup>55)</sup> In die skool word ook dikwels van voorkeurskale gebruik gemaak.<sup>56)</sup>

### 3.6.4 Waarderings

Dié begrip word meesal in verband met die etiese en estetiese aspekte van die mens se lewe en sy emosionele reaksie daarop gebruik. Dit behels verder die gedagte van aanvaarding of verwerping van houdingsvoorwerpe en skakel dus in dié sin nou met

51) Chauncey, H. en Dobbin, J.E.  
Testing: its place in education today, p.83.

52) Kyk p.50.

53) Markus 14:10,11.

54) Filippense 3:7.

55) Clinard, M.B. Sociology of deviant behavior, p.9; kyk ook: Remmers, H.H. op. cit., p.288.

56) Thorndike, R.L. en Hagen, Elizabeth, op. cit., p.343; vergelyk verder: Wrightstone, J.W. e.a. op. cit., p.357.



houdings. 'n Persoon se waardering vir die moderne vorms van skilder-, beeldhou- of digkuns, word bepaal deur reeds verworwe waardesisteme, terwyl sy finale aanvaarding of verwerping daarvan rondom sekere houdingsdimensies draai, soos dit van persoon tot persoon wissel. Kunssmaak word meesal as sinoniem met waardering beskou.

Waardering kan egter ook betrekking hê op ander waardes in die persoon se lewe en bestaan daar dus 'n baie nou verband tussen waarderings en houdings.<sup>57)</sup>

### 3.6.5 Moraal

Die begrip moraal dui op die emosionele integrasie van 'n groep mense („esprit de corps”). In enige groep is die integre=rende houdingspatroon, met betrekking tot bepaalde houdingsvoor=werpe, van groot belang vir doelgerigte gesamentlike optrede. Die houdingsvoorwerpe dra soms 'n positiewe karakter, soos liefde vir die vaderland, of 'n ander gesamentlike belangstelling. Moraal mag egter ook betrekking hê op negatiewe houdingsvoorwerpe, soos die onderdrukkende maatreëls van 'n landsregering of 'n besondere per=soon wat in 'n magsposisie staan. Die ellende van Israel in Egipte het hulle as volk hegter saamgebind, in weerwil van die droewige omstandighede waarin hulle moes lewe.<sup>58)</sup> Godsdienstige vervolg=ing bind geloofsgenote gewoonlik in 'n hegte eenheid saam en word 'n integrerende houdingspatroon in die hand gewerk.

Net soos wat die moraal van 'n leër in oorlogstyd, met die oog op 'n oorwinning, van die allergrootste belang is, so is ook die moraal of „esprit de corps” in die klaskamer van groot belang vir doeltreffende onderwys.<sup>59)</sup>

### 3.6.6. Ideale

Ideale het betrekking op 'n bewuste strewe na een of ander houdingsvoorwerp wat in die bewuste lewe van die mens hoog aange=

---

57) Remmers, H.H. op. cit., 289; kyk ook: Katz, D. en Allport, F.H. Students' attitudes, p.144.

58) Exodus 3:6-8.

59) Remmers, H.H. op. cit., p.289.

slaan word. Remmers<sup>60)</sup> omskryf dit as die bewuste aspekte van die sosiale „ritueel” waarin elke mens in ’n mindere of meerdere mate deel het.

Ideale staan in nou verband met waardes. Die verwesenliking van bepaalde waardes, dra nie alleen daartoe by om die mens se lewe betekenisvol en interessant te maak nie, maar stel ook vir hom ’n stukrag vir volgehoue inspanning daar. Ideale kan die hele lewenspatroon van die mens insluit en kan van persoonlike, altruïstiese of nasionale aard wees.<sup>61)</sup>

Iemand is baie idealisties wanneer sy ingesteldheid op die bereiking van ’n ideaal sterk op die voorgrond tree. Soms verflou die belangstelling van iemand in die bereiking van ’n ideaal, afhange van faktore soos gemotiveerdheid en so meer. Die verwesenliking van ’n ideaal mag ook ’n lewenstaak by ’n persoon word.

Baie aspekte, wat aan die skool eie is, is met ideale gemeid. Die verwesenliking van ’n ideaal dra dikwels daartoe by dat die moeite en opoffering aan die kant van die onderwyser, met blymoedigheid, in belang van die jeug, op die altaar gelê word. Daarby aansluitend, is dit gebiedend noodsaaklik dat die kind voortdurend aangemoedig moet word om bepaalde ideale na te strew.

### 3.7 Die meetbaarheid van houdings

Die meting van houdings by volwassenes en kinders, neem vandag al hoe meer aandag van sosiaal-psigoloë en opvoedkundiges in beslag, omdat belangrike inligting aangaande die diepste roersele van die siel van die mens langs daardie weg verkry kan word. Op grond van die bevindinge van psigo-analitiese en ander dieptesielkundiges, is dit egter duidelik dat wat ’n individu insake sy houding sê, iets heel verskillend van sy werklike gevoelens mag wees. Die individu mag geneig wees om bewustelik of onbewustelik ’n sosiaal onaanvaarbare houding te verberg of te verbloem. Soms is daar tweespalt in sy onderbewussyn, waarvoor hy weinig beheer kan uitoefen.

---

60) Loc. cit.

61) Wrightstone, J.W. e.a. p.357.

In hierdie verband is die bekentenis van die apostel Paulus tekenend: „Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek.“<sup>62)</sup>

Bostaande, asook ander oorwegings, dra daartoe by dat daar by sommige ondersoekers min vertroue in die metodes waarvolgens houdings gemeet word, bestaan. Die probleem is blykbaar daarin geleë dat daar nog nie aanvaarde metodes vir die meting van „werklike” of „diep” houdings, bestaan nie. Sekere projeksiemetodes soos die Inkkladtoets, wat in die jongste tyd toegepas word, hou blykbaar beloftes in, maar in hierdie verband lê die probleem weer in die invloed wat van die toetsafnemer en die toetssituasie uitgaan, asook van die vermoë van die proefpersoon om ’n subjektiewe oordeel oor homself uit te spreek.<sup>63)</sup>

In die lig van bostaande bespiegeling is dit dus begryplik dat daar in die geledere van kenners, heelwat verskil van mening insake die meetbaarheid van houdings bestaan.

Mc Iver<sup>65)</sup> huldig byvoorbeeld die standpunt dat houdings nie meetbaar is nie. Hy grond sy mening op die ingewikkeldheid van die houdingstrukture en sosiale prosesse wat in dié verband op die voorgrond tree. Hy sien houdings as hipotetiese konstruksies wat nie direk waarneembaar en gevolglik ook nie meetbaar is nie.

Thurstone<sup>66)</sup> benader die aangeleentheid op baie realistiese wyse, maar nogtans in ’n meer optimistiese gees. Hy stel die saak soos volg:

„The very fact that one offers a solution to a problem so complex as that of measuring differences of opinion or attitude on disputed social issues, makes it evident from the start that the problem is more or less restricted in nature, and that it applies only under certain assumptions .....

62) Romeine 7:19.

63) Thurstone, L.L. The measurement of attitudes. (In Fishbein, M. red. op. cit., p.19).

64) Thurstone, L.L. Attitudes can be measured. (In Fishbein, M. red. op. cit., p.77).

65) Mc Iver, R.M. Society, its structure and changes, p.14.

66) Thurstone, L.L. Attitudes can be measured. (In Fishbein, M. red. loc. cit.)

Faris<sup>67)</sup> sê, in sy kommentaar op Thurstone se poging om houdings te meet, dat die voorgestelde poging moontlik 'n metode is om menings te meet, maar nie houdings nie.

Thurstone<sup>68)</sup> herbevestig egter sy oortuiging dat houdings wel met sekere voorbehoude meetbaar is, maar gee toe dat die menings of opinies van die proefpersone, in die skaal as riglyne of bakens gebruik word om sy houding te weerspieël. Alle pogings om houdings te meet, draai vir hom rondom die heldere omskrywing van die aspek wat gemeet gaan word. Om dié rede onderskei hy tussen 'n houding en 'n mening. Indien hierdie uitgangspunt aanvaar word, kan daarna sy mening, metodes om houdings te meet, ontwerp word. Die volgende riglyne geld vir hom by houdingsmeting:

- (i) Menings (opinies) is slegs die aanduidings van houdings.
- (ii) Menings word dus as maatstawwe vir die meting van houdings gebruik.
- (iii) 'n Persoon se menings of selfs sy sigbare gedrag is nie deurgaans 'n onfeilbare weerspieëling van sy werklike houding nie, om voor-die-handliggende redes. Die resultate van pogings om houdings te meet, moet dus slegs as 'n indeks of aanduiding daarvan beskou word.
- (iv) 'n Reeks indekse van hierdie aard, bied 'n abstrakte kontinuüm waarvan die werklike houding afgelei kan word, mits hulle intern redelik bestendig blyk te wees.
- (v) Die feit dat 'n persoon 'n bepaalde mening lug, impliseer nie noodwendig dat sy dade in ooreenstemming daarmee sal wees nie.
- (vi) Dit word aanvaar dat die mens se houdings aan wysiging onderhewig is.
- (vii) 'n Houdingskaal word slegs in omstandighede gebruik, waar daar 'n redelike kans is dat mense gewillig sal wees om hulle ware gevoelens bloot te lê, soos, onder andere, wanneer daar geen druk van buite op hulle uitgeoefen word nie.

Talle ander denkers stem in breë trekke met Thurstone saam,

---

67) Aangehaal deur Thurstone, Loc. cit.

68) Thurstone *ibid.* p.77-78.

byvoorbeeld Vernon<sup>69)</sup> en Katz en Allport,<sup>70)</sup> Thorndike en Hagen<sup>71)</sup> stel die volgende vier grondslae vir 'n studie van 'n individu se persoonlikheid voor:

- (i) Die individu verskaf inligting oor homself.
- (ii) Die oordeel van ander mense word as maatstaf gebruik.
- (iii) Houdings kan gemeet word.
- (iv) Projeksiemetodes soos die Rorschach-toets word toegepas ten einde bykomende inligting te bekom.

So 'n opname is na die mening van laasgenoemde twee denkers, omvattend genoeg om 'n helder beeld van 'n individu se persoonlikheid daar te stel.

Moderne denkers aanvaar oor die algemeen dat houdings gemeet kan word. Gronlund<sup>72)</sup> stel dit soos volg: „Attitudes can be measured in many ways. Measurement usually takes the form of direct or indirect questioning. Interviews and questionnaires are quite valuable when not trusted blindly.”

Allport<sup>73)</sup> sluit hierby aan en beweer dat die belangstelling van psigoloë in feiteversamelings- en statistiese metodes 'n groot stoot aan die empiriese bestudering van houdings gegee het. Die resultaat is, na sy mening, dat die meting van houdings op die huidige tydstip beter slaag as die pogings om dit te omskrywe.

Vrey<sup>74)</sup> vat die aangeleentheid soos volg saam: „Houdings is instellings en gewontes om op 'n bepaalde wyse op te tree. In hierdie lig gesien, is die houdings uiters moeilik om te meet, aangesien die proefnemer nie seker is watter dryfvere agter 'n bepaalde houding skuil nie. Die optrede van die mens wat dus uiterlik waarneembaar is, behoort 'n aanduiding van die houding van die mens teenoor die betrokke individu of saak te wees. Wanneer die mens in nuwe situasies geplaas word, behoort hy oor vermoëns te beskik waarmee dié situasies beoordeel kan word. Aangesien die vermoëns wat agter 'n handeling bestaan, nie objektief waarneembaar is nie, is dit dus moeilik om houdings te meet. Dit sal slegs indirek en deur die maak van afleidings, moontlik wees om die bestaan van bepaalde houdings waar te neem.”

69) Vernon, P.E. op. cit., p.144, asook p.204.

70) Katz, D. en Allport, F.H. Students' attitudes, p.140.

71) Thorndike, R.L. en Hagen, Elizabeth. op. cit., p.318-319.

72) Gronlund, N.E. Readings in measurement and evaluation, p.45.

73) Allport, G.W. op. cit., p.5.

74) Vrey, J.D. op. cit., p.112-113.

Samevattend kan dit gestel word dat die pogings om die mens se houdings te meet, in die lig van die volgende voorbehoude gesien moet word:

- (i) Slegs die algemene houdings van die mens kan gemeet word en kenners is van mening dat slegs enkele houdings algemeen genoeg is om doeltreffend gemeet te kan word.
- (ii) Elke mens lê teenstrydige houdings aan die dag. Om hierdie rede is dit moontlik dat proefpersone 'n houdingskaal nie altyd op konsekwente wyse voltooi nie.
- (iii) Rasionalisering en misleiding is feitlik onvermydelike verskynsels by enige ondersoek in verband met houdings, omdat proefpersone geneig is om op die verdediging te gaan wanneer sy houdings in verband met intiem-persoonlike aangeleenthede, byvoorbeeld, ondersoek word. Die feit dat proefpersone soms toegelaat word om houdingskaal anoniem te voltooi, verander nie veel aan die saak nie.<sup>75)</sup>

Die lig wat dus op grond van houdingsmeting verkry word, moet in die lig van bostaande voorbehoude vertolk word.

### 3.8 Die aanleer van houdings

Wanneer daar oor die aanleer van houdings besin word, spreek dit vanself dat dit slegs op een van die volgende gevalle van toepassing is:

- (i) Waar daar nog geen houding in dié besondere rigting by die persoon bestaan nie.
- (ii) Waar die persoon in dié opsig nog onseker van homself is, of sy houding nog vaag omlin is.

Verder moet in gedagte gehou word dat die verandering van bestaande houdings en die aanleer van nuwes twee afsonderlike aangeleenthede is.<sup>76)</sup> Eersgenoemde saak word verderaan bespreek en word dus vereers daar gelaat.

---

75) Madge, J. The tools of social science, p.199.

76) Katz, D. The functional approach to the study of attitudes. Public Opinion Quarterly, 24:163-204, 1960.

In talle omskrywings van houdings, word hulle as redelik bestendige, aangeleerde predisposisies of ingesteldhede op aksie, aangedui.<sup>77)</sup> Doob<sup>78)</sup> sê: „Almost all writers, no matter their bias, agree that attitudes are learned. If this is so, then the learning and decline of an attitude are no different from learning a skill or a piece of prose, and they must also involve the problems of perception and motivation”.

Indien dit dan aanvaar word dat houdings aangeleer word, is dit te begryp dat daar binne die kader van Christelike wetenskapsbeoefening altyd met die eenheid of totaliteit van die kind as skepsel van God, rekening gehou moet word. Met ander woorde, die doelwit by alle onderwysbemoenings moet altyd berekende hulp en leiding wees om die kind in staat te stel om volle wasdom in Christus te bereik.<sup>79)</sup> In die lig van hierdie standpunt kan Doob se stelling hierbo, slegs met 'n aansienlike mate van voorbehoud aanvaar word.

Met die voorafgaande besinning in gedagte, kan die riglyne insake die aanleer van houdings soos volg saamgevat word:

- (i) Elke leerakt, van watter aard ook al, moet deur 'n bepaalde normatiewe grondslag of funksie gekwalifiseer word.
- (ii) Geen menslike handeling is ooit heeltemal neutraal nie. Die inhoud en wese van die leerstof wat aan die leerling gebied word, moet dus te alle tye sodanig wees dat dit hom tot aktiewe, konstruktiewe ontdekking van die sin en betekenis van alle lewensgebiede lei en hom bewus maak van die onbreekbare bande wat die skepsel aan sy Skepper bind.
- (iii) Aangesien die jong kind se vermoë om dinge te ontleed, nog onontwikkeld is en sy kennis slegs breë, ongedifferensieerde aspekte van sy omgewing omvat, moet hy gaandeweg geleer word om besonderhede waar te neem, om verskille tussen dinge raak te sien, asook om die samehang daartussen op te merk.

---

77) Shaw, M.E. en Wright, J.M. Scales for the measurement of attitude, p.3.

78) Doob, L.W. The behavior of attitudes. Psychological Review, 54:135-156, 1947.

79) Strauss, J. Die teorie en praktyk van die behavioristies-georiënteerde geprogrammeerde onderrig in die lig van 'n Christelik-wysgerige antropologie. Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, Bloemfontein, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1970, p.235.

- (iv) Die kwaliteit van die kind se denke moet gaandeweg verbeter word.<sup>80)</sup>

Omdat die mens dus van God die toerusting om te kan leer, ontvang het en omdat hierdie leervermoë as die grondslag van goeie opvoeding gesien moet word, word ook die moontlikheid van die aanleer van nuwe houdings aanvaar. As die doelwit egter is om 'n redelik-bestendige positiewe houding by die leerling aan te kweek, moet die leerhandeling ook in hierdie verband op 'n pedagogies-verantwoordbare wyse benader word.

Allport<sup>81)</sup> som die metodes waarop houdings aangeleer word, soos volg op:

- (i) 'n Implisite<sup>e</sup> handeling moet plaasvind tydens die leerhandeling.
- (ii) Nuwe houdings word op grond van bestaande houdings aangeleer. Die deeglike begroning van vroeëre houdings bepaal die kwaliteit van dié wat aangeleer word.
- (iii) Die gevoelstoon waarmee ondervindings gepaard gaan, is belangrike bepalende faktore by die aanleer of uitbouing van houdings. Die padbuffel sal moontlik op grond van die aanskoue van 'n skokfilm oor padongelukke, tot besinning gebring word. Ander persone het soms niks meer as 'n vriendelike teregwysing nodig nie.
- (iv) Houdings word soms heel onverwags tot stand gebring. 'n Weldeurdagte toespraak van 'n politikus wen vir hom volgelinge, die aanhoor van sy land se volkslied besiel die soldaat met nuwe moed of die voorbeeld van die onderwyser vuur die leerling aan om dit na te boots.

Die breë riglyne vir die aanleer van houdings is soos volg:

### 3.8.1 Integrasie

'n Opeenvolging van gelyksoortige ervarings oor 'n lang tydperk, sal uiteindelik 'n invloed in 'n bepaalde rigting op 'n persoon se houdings uitoefen, en kulmineer in 'n bepaalde houding teenoor die betrokke

---

80) Ibid., p. 262-271.

81) Allport, G.W. Attitudes. Op. cit., p. 5.



voorwerp of waarde. As 'n leerling byvoorbeeld herhaaldelik in lees, opstelle of voordrag druip, sal hy 'n ongunstige houding daarteenoor opbou. Dieselfde resultaat sal waarskynlik op 'n gedwonge studie van Shakespeare of Vondel volg. 'n Nuwe houding sal dus op grond van die leerlinge se ervaring tot stand kom en dit sal 'n geïntegreerde deel van sy persoonlikheid word.

Aangename assosiasies met die skool sal, aan die ander kant, die vorming van positiewe houdings by die kind in die hand werk.<sup>82)</sup>

### 3.8.2 Differensiasie

In hierdie geval ontstaan 'n besondere houding op grond van 'n meer algemene een. Na jare bou 'n leerling 'n gunstige of ongunstige houding teenoor die skool op, op grond van aangename of onaangename ondervindings met sy klasmaats. Hierdie houding word naderhand nie net teenoor die skool aan die dag gelê nie, maar ook teenoor alles wat hy met die skool assosieer. Hy haat Rekene byvoorbeeld buite die skool sowel as daarbinne, of 'n kind besluit om onderwyser te word omdat sy skooljare vir hom besonder aangenaam was.<sup>83)</sup>

### 3.8.3 Skok

Soms word houdings aangeleer op grond van 'n skok wat die persoon ondervind. Dit kan miskien die gevolg van baie pynlike ervarings wees, waarvoor die kind nie voorberei was nie. Vrees vir geneeshere ontstaan soms as gevolg van 'n onverwagte, pynlike inspuiting, wat deur 'n ontakvolle geneesheer toegedien word. Tandartse is ou sondebokke in dié verband by kinders en volwasse-  
nes. Houdings van dié aard is meesal blywend van aard.<sup>84)</sup>

---

82) Heider, F. Attitudes and cognitive organization. Journal of Psychology, 21:107-112, 1946.

83) Ibid., p.40.

84) Allport, G.W. op. cit., p.6.

### 3.8.4 Aanvaarding

Hierdie grondslag vir die aanleer van houdings, berus op die aanvaarding, deur die kind, van die sosiale erfenis van sy ouers, versterk deur die sosiale orde waarin hy opgroeï. Dit vind eerstens binne gesinsverband en later in breër gemeenskapsverband plaas. Langs hierdie weg word die houdings van ouers, vriende en mense met wie die kind in aanraking kom, geleidelik sy eie, omdat hy dit as vanselfsprekend aanvaar.

Dit is duidelik dat aanvaarding 'n belangrike metode vir die aankweek van goeie houdings by die jeug is. Ouers is dus normaalweg ten regte begaan oor wie hulle kinders as vriende kies. In die huidige tydsgewrig, veral as gevolg van die verskynsel van die werkende moeder, word die kind aan velerlei negatiewe invloede blootgestel, wat dan by hom wortel skiët as 'n bepaalde houding, indien daar nie voorsorg getref word nie. Dikwels is dit die begin van 'n afdraande pad in sy lewe. Aan die anderkant aanvaar die kind gelukkig nog meestal die mooi voorbeeld van 'n onderwyser (-es) en lei dit tot positiewe beïnvloeding van sy lewe.<sup>85)</sup>

Met die oog op bostaande uiteensetting van die wyses waarop houdings aangeleer word, is dit gebiedend noodsaaklik dat die skool, by sy beplanning en doelwitstelling, rekening hou met die beoogde positiewe beïnvloeding van die kind, in watter verband die onderwyser, as opvoeder, geen onaansienlike rol speel nie.<sup>86)</sup>

### 3.9 Teorieë insake die wysigbaarheid van houdings

Teen die agtergrond van die maniere waarop houdings aangeleer word, sal 'n studie van die wyse waarop houdings gewysig word, veral op die strukturele verband wat tussen 'n bepaalde houding en die standpunte, oortuigings of geloofstelsels, wat reeds by die individu bestaan, rekening moet hou.<sup>87)</sup>

---

85) Loc. cit.

86) Shaw, M.E. en Wright, J.M. op. cit., p.4; kyk ook: Ahmann, J.S. en Glock, M.D. Evaluating pupil growth, p.463.

87) Katz. D. Op. cit., p.180.

Daar is tot dusver betreklik min navorsing insake die verandering van bepaalde houdings by persone onderneem. As in gedagte gehou word dat 'n groot aantal kenners in hulle omskrywings daarvan, dit as 'n redelik bestendige, aangeleerde disposisie teenoor houdingsvoorwerpe tipeer, dan is dit te begrype dat daar nie sonder grondige motivering van die wysiging of verandering van houdings gepraat kan word nie.

### 3.9.1 Redes waarom houdingsverandering soms noodsaaklik is

Die redes waarom dit soms noodsaaklik en wenslik is om houdingsverandering by 'n individu teweeg te bring, is onder meer die volgende:

- (i) Wanneer 'n bestaande houding sy doel gedien het, moet dit plek maak vir 'n ander een. In die ontwikkeling van enige individu tot wasdom, vind houdingsverandering noodwendig by tye plaas. Die apostel Paulus bevestig hierdie uitgangspunt op treffende wyse waar hy sê: „Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind; maar nou dat ek 'n man is, het ek die dinge van 'n kind afgelê.“<sup>88)</sup> Die ouers en ander opvoeders is geroepe om toe te sien dat hierdie houdingsverandering by die kind op doeltreffende wyse plaasvind, met inagneming van sy ontwikkelingsgang.
- (ii) Houdingsverandering is noodsaaklik wanneer 'n bestaande houding vir 'n kind na siel en liggaam skadelik is. 'n Neiging tot jeugmisdaad, ernstige ongehoorsaamheid en lewensgevaarlike gewontes is voorbeelde hiervan.
- (iii) In die geval van volwassenes is houdingsverandering soms gewens, onder andere in gevalle waar wetsongehoorsaamheid, ekstremisme en sedelike afdwalinge die persoon se verhouding met sy medemens in die gedrang bring en hy nie meer sy roeping as Godvresende landsburger, na behore uitvoer nie. Dit spreek vanself dat houdingsverandering in die geval van volwassenes baie moeiliker as in die geval van die kind is, indien nie onmoontlik nie.<sup>89)</sup>

---

88) 1 Korinthiërs 13:11.

89) Prediker 12:1; vergelyk ook: Katz, D. op. cit., p.180.

### 3.9.2 Die rol van houdings in die psigiese struktuur van die mens

Pogings om houdingsverandering by mense teweeg te bring, moet die rol wat houdings in die psigiese struktuur van die mens speel, as uitgangspunt neem.

Denkers benadruk die volgende aspekte in hierdie verband:

- (i) Houdings moet as onsigbare of implisiete handeling by die mens, bewustelik of onbewustelik, gesien word. Verbale uitinge en gedrag is aanduidings van die bestaan daarvan.
- (ii) Die handeling mag vooruitgrypend of antisiperend van aard wees. Iemand wat byvoorbeeld nie van 'n sekere persoon hou nie, sal 'n ontmoeting met hom probeer vermy.
- (iii) Die handeling dien as tussengangers tussen die faktore wat aanvanklik tot die strewe na die bereiking van een of ander doelwit aanleiding gegee het, en die bereiking daarvan. Wanneer 'n persoon 'n guns van iemand anders verlang, sal hy byvoorbeeld alles in die werk stel om daardie persoon se gevoelens nie te na te kom nie.
- (iv) Handeling van hierdie aard, word na vore geroep op grond van vroeëre ervarings wat daarmee verband hou. Die handtekening van 'n persoon van wie iemand nie hou nie, sal vooruitgrypende handeling op die voorgrond laat tree, en pogings om daardie persoon te vermy, sal in die werk gestel word. Vir die dapper soldaat sal die aanblik van die landsvlag of die aanhoor van sy volkslied, na geleentheid om daardie simbole te verdedig, laat vooruitgryp.
- (v) Bepaalde handeling kan tot die oproep van ander verwante handeling lei. Wanneer iemand onverwags 'n illustrasie van sy geliefkoosde voedselsoort sien, sal dit by hom die begeerte opwek om te eet.<sup>90)</sup>

### 3.9.3 Teorieë insake houdingsverandering

Die wetenskaplike benadering van houdingsverandering moet altyd plaasvind teen die agtergrond van die funksies daarvan in die psigiese struktuur van die mens, soos hierbo uiteengesit.

---

90) Doob, L.W. op. cit., p.150.

Enkele teorieë insake houdingsverandering het reeds aan die lig gekom in die oorsig van enkele studies wat vroeër in hierdie ondersoek gegee is. Dit word dus nie hier herhaal nie.<sup>91)</sup>

Bykomende teorieë word soos volg saamgevat:

- (i) Een teorie berus op die sogenaamde beginsel van konsonansie (ooreenstemming of harmonie). Volgens hierdie beginsel word aanvaar dat die mens altyd probeer om enige teenstrydigheid of wanbalans in sy houdingstruktuur uit te skakel. Teenstrydighede kan veroorsaak word deur irrasionele faktore, verdraaide waarneming, wensdenkery of ook deur rasonale benadering, 'n realistiese besinning oor die probleemsituasie en 'n suiwere visie van die moontlike gevolge daarvan. Luidens hierdie teorie, sal die individu pogings aanwend, in een of ander rigting, om sy houding in ooreenstemming te bring met dit wat vir hom nader aan die waarheid skyn te wees.

Bogenoemde beginsel speel 'n belangrike rol by houdingsverandering.<sup>92)</sup>

- (ii) 'n Tweede beginsel kan bestempel word as die beskerming van die eie persoonlikheid. Dit kom neer op 'n funksionele benadering van die rol wat die houdings speel. Die basiese veronderstelling waarvan hierdie beginsel uitgaan is dat, beide die totstandkoming van houdings, sowel as die verandering daarvan, begryp moet word in terme van die funksies wat hulle vervul en dat, namate die motiverende prosesse verskil, die tegnieke vir houdingsverandering ook sal wissel.

In die praktyk kom dit daarop neer dat individue daarna streef om beloningselemente, dit wil sê die faktore wat aangenaamheid meebring in hulle omgewing, te vergroot en terselfdertyd word pogings aangewend om die strafelemente (onaangename dinge) te beperk of uit te skakel. Die kind sal byvoorbeeld 'n positiewe houding teenoor dié voorwerpe in sy omgewing, wat hy kan assosieer met die bevrediging van sy behoeftes, ontwikkel. Teenoor dinge wat hom frustreer, of vir hom straf meebring sal hy 'n

---

91) Kyk hoofstuk 2, p.39-44.

92) Katz, D. op. cit., 185.

negatiewe houding ontwikkel.

Verder is die mens altyd geneig om die „beste te maak“ van die omgewing waarin hy hom mag bevind. Die grondliggende gedagte in hierdie verband, is die feit dat die mens met homself harmonies „wil saamleef“. Dit vorm dus 'n soort beskerming, waarmee die individu sy, vir hom onaanvaarbare, neigings teëwerk, bedreigings van buite bekamp en sy bekommernisse verdoesel.

In hierdie verband speel houdings die rol van verdedigingsmeganismes en in normale omstandighede sal die individu pogings aanwend om binne die gestelde norme van sy omgewing te lewe. Dié beginsel kan oordryf word en dan is die resultaat 'n spreekwoordelike manteldraaier.<sup>93)</sup>

- (iii) Terwyl sommige houdings vir die mens meganismes vir die verdediging van sy persoonlikheid daarstel, vervul ander weer die funksie om uitdrukking aan sy gevoelens insake sekere kardinale waardes te gee. Waar hulle dus, soos in die vorige geval, verhoed dat die wêreld die mens sien soos hy werkklik is, dien hulle in hierdie geval die doel om die beeld wat die persoon dink hy is of graag wil wees, na buite uit te dra. As iemand meen dat hy 'n „verligte“ of „verkrampde“ is, sal hy houdings huldig of aankweek wat na sy mening, 'n geskikte aanduiding van daardie waardes is. Die drang mag sosiale erkenning wees, of 'n strewe na 'n vorm van kompensasie vir persoonlike gebreke. Grondliggend egter is die dryfveer om sy eie dunk van homself te bevestig.

Houdings van dié aard, bied nie alleen helderheid ten opsigte van die selfbeeld van 'n persoon nie, maar lei hom ook om daardie beeld al hoe meer en meer in ooreenstemming met sy hartsbegeerte te bring. Mense wat intens modebewus is, probeer om so dikwels as moontlik met iets nuuts vorendag te kom: Tienderjarige verraaie dikwels in voorkoms en spraak iets van dié aard.<sup>94)</sup>

---

93) Loc. cit.

94) Gronlund, N.E. op. cit., p.45-46.

Die jong kind se houdings kan, na die mening van kenners in bostaande opsig, geredelik verander word, mits daar van geskikte metodes gebruik gemaak word. Met volwasse nes blyk die saak moeiliker te wees, omdat hy dit in daardie stadium moeilik vind om met die nuwe „ek” saam te lewe. Groepsondersteuning, vir veranderinge van dié aard, by volwasse nes is 'n vereiste, soos in die geval van iemand wat op gevorderde leeftyd van geloof verander. Organisasies soos Alkoholiste Anoniem speel eweneens 'n belangrike rol in die lewe van gerehabiliteerde alkoholiste.<sup>95)</sup>

- (iv) Houdings vervul ook 'n „kennisfunksie” in die lewe van individue. Standpunte en geloofsoortuigings word in hom opgebou, ten einde in een of ander behoefte te voorsien. Die mens verlang egter ook na kennis, om orde te skep in wat anders vir hom 'n sinlose deurmekaarspul sou wees. Standaarde en norme maak die wêreld vir die mens verstaanbaar en houdings dien die doel om daardie standarde en norme in sy lewe te vergestalt. Standaarde en norme dien 'n verdere doel, in die sin dat hulle aan die mens 'n stelsel „klaargemaakte” houdings bied, waarmee hy die wêreld met vertroue tegemoet kan tree.

Nuwe kennis sal gevestigde houdings nie verander nie, behalwe wanneer daar 'n mate van ontoereikendheid, onvolledigheid of ongerymdheid in sy bestaande kennisstruktuur sigbaar word in die lig van die nuutopgedane kennis.<sup>96)</sup>

Die bestudering van houdingsverandering as gevolg van 'n bepaalde leerhandeling, is grondliggend aan die huidige studie. Met die oog daarop word die voorgaande besinning insake houdingsverandering soos volg saamgevat:

---

95) Loc. cit.

96) Loc. cit.

- (i) Die wysiging van 'n bestaande houding, of die vervanging daarvan met 'n nuwe, is die resultaat van 'n leerakt. Leer begin altyd met 'n probleem, of 'n gevoel van frustrasie in die hantering van die probleemsituasie. Hierdie gevoel is 'n noodsaaklike voorvereiste vir houdingsverandering.<sup>97)</sup>
- (ii) Belangrike aspekte van houdingsverandering, staan in verband met die geloofs- en oortuigingstrukture van die individu. Ouers en onderwysers is gedurig gemoeid met die aankweek van positiewe houdings by kinders en landsowerhede is gedurig begaan oor die negatiewe houdings van wettelose elemente. In albei gevalle is die grondslag van opvoeding en rehabilitasie die daarstel van positiewe oortuigings en standpunte in die plek van negatiewe neigings.<sup>98)</sup>
- (iii) Vrey se siening is soos volg: „Begripsvorming is 'n essensiële deel van die leerproses. Met die vorming van begrippe uit kennisinhoud, ontwikkel oortuigings. Hierdie oortuigings ontstaan uit die versameling van intellektuele kennis. Die oortuigings berei die individu voor vir gerigte handeling.” Tydens die leerhandeling ondergaan die leerling se gedrag 'n verandering. Die gedragspatrone sluit betekenisinhoud, feite, vermoëns, vaardighede en houdings in, alles geïntegreer om oor die algemeen aan 'n reaksie deel te neem. Die leerhandeling bring 'n interaksie tussen die leerder en sy omgewing tot stand en dit bring mee dat die leerder op doeltreffende wyse ten opsigte van daardie omgewing kan optree.<sup>99)</sup>

### 3.10 Die belangrikheid van 'n studie van houdings vir die onderwys

Daar bestaan 'n aantal redes waarom 'n studie van houdings vir die onderwys van belang is. Die volgende samevatting sluit enkele daarvan in:

---

97) Katz, D. op. cit., p.190.

98) Loc. cit.; kyk ook: Baron, D. en Bernard, H.W. op. cit., p.177.

99) Vrey, J.D. op. cit., p.64-65.



- (i) Die aankweek van positiewe houdings is een van die belangrikste doelwitte wat in die moderne skool nagestreweword.
- (ii) Met die oog op gesonde mensverhoudings, is positiewe houdings by elke individu van die grootste betekenis.
- (iii) Sukses in nagenoeg alle beroepe, word met 'n positiewe houding geassosieer. Bekwaamheid of aanleg, gepaard met die regte houding, word as voorvereiste vir 'n suksesvolle loopbaan gestel.
- (iv) Omdat daar in toenemende mate van houdingskale en aanlegtoetse gebruik gemaak word, is dit belangrik dat 'n indringende studie hiervan gemaak word.<sup>100)</sup>

### 3.11 Samevatting

Hierdie hoofstuk is aan 'n oorsigtelike studie van houdings gewy en is die belangrikste aspekte van die begrip in oënskou geneem. Onder andere is gepoog om die menings van 'n aantal kenners, insake die wese van houdings, te weerspieël.

Ten einde 'n aanduiding van die ingewikkelde aard van houdings daar te stel, is gewys op 'n aantal dimensies daarvan, is die verskil tussen menings en houdings beskryf en is 'n aantal verwante begrippe bespreek.

Met die oog op die sentrale tema van hierdie studie, is heelwat aandag aan die vraag aangaande die meetbaarheid van houdings gewy en die vraagstukke en teorieë in verband met houdingsverandering is so goed as moontlik bespreek.

Aangesien daar, op grond van die menings van kenners, redelike grond vir die uitgangspunt dat houdings gemeet kan word, bestaan en dat hulle, met sekere voorbehoude, verander kan word, veral in die geval van kinders, sal daar nou in die rigting van die eksperimentele deel beweeg word. Die eerste stap sal wees om die leerprogram wat gebruik gaan word, in oënskou te neem, ten einde te bepaal of dit vir die doel van die studie geskik sal wees.

---

100) Downie, N.M. op. cit., p.402.